GREY KOLLEGE SEKONDÊR
COLLEGE SECONDARY
A SOUTH AFRICAN PARALLEL MEDIUM SCHOOL FOR BOYS
'N SUID-AFRIKAANSE PARALLELMEDIUMSKOOL VIR SEUNS
Gestig 1855 Founded

2 Mei 2019

Aanlegtoetse vir Graad 8-leerders

Geagte Ouer/Voog

Die jaarlikse aflê van aanlegtoetse vir Graad 8-leerders vind plaas op ***27 en 28 Mei 2019***. Die Sentrum vir Leer en Ondersteuningsdienste sal die toetsing behartig en daar is geen koste aan verbonde nie. Die toetsing geskied van **08:00** tot ongeveer **10:00**, waarna die seuns sal verdaag.

Die onderstaande klasse sal op die volgende datums getoets word:
Maandag, 27 Mei 2019: 8A5, 8E1, 8E2 en 8E3
Dinsdag, 28 Mei 2019: 8A1, 8A2, 8A3 en 8A4

Die toets waarvan daar gebruik gemaak sal word, is die verkorte weergawe van die Algemene Skolastiese Aanlegtoets (ASAT), Senior Reeks. Dit is 'n groeptoets vir akademiese intelligensie of skolastiese aanleg en is geskik vir persone van die ouderdom 13 jaar 6 maande en ouer, met minstens vyf jaar skoolonderrig in Afrikaans of Engels. Toetsing sal geskied in die taal waarin hulle onderrig word.

Die rasionaal vir die afneem van aanlegtoetse vir Graad 8-leerders is om 'n objektiewe aanduiding op rekord te hê van elke leerder se vlak van redeneer- of probleemoplossingsvermoë, sodat ingrepe met die oog op akademiese ondersteuning, meer effektief daarvolgens gerig kan word. Die resultate van die ASAT dien ook as 'n maatstaf waarmee die resultate van individuele toetsing by die SLO, vergelyk kan word.

Resultate sal as vertroulik hanteer word, maar ouers is welkom om per epos navrae by die SLO te doen **tussen 5 Junie 2019 en 13 Junie 2019**, deur 'n versoek te epos aan lclaassens@gc.co.za vir 'n kort terugvoer m.b.t. u seun se prestasie kategorie.

Let asb. daarop dat dit nie verpligtend is nie en dat deelname vrywilliglik geskied. Indien u NIE wil hê dat u seun die aanlegtoetse moet aflê NIE, voltooi asb. die onderstaande afskeurstrokie en besorg dit terug aan die SLO voor of op Donderdag, **23 Mei 2019**. (Stuur die afskeurstrokie per e-pos na lclaassens@gc.co.za).

Kontak die Sentrum vir Leer en Ondersteuningsdienste gerus indien u enige verdere inligting verlang.

Chanell Cuyler-Greeff
Voorligtingsielkundige

Tel: + 27 (0) 51 444 1513 * Fax: + 27 (0) 51 444 5012 * Email: lclaassens@gc.co.za
Chanell Cuyler-Greeff – Psychologist M.A. (Counselling Psychology)

…….

Hiermee verklaar ek, _____, ouer van _____ in

Graad 8_____ dat ek NIE toestemming verleen vir my seun om die aanlegtoetse af te lê NIE.

Geteken te _____ op _____.

_____
Handtekening